# Lucas Meyer Primêre Skool

WERK EN GROEI

20 Maart 2026

**OMSENDBRIEF: OSB 04/2026**

Geagte Ouers/Voogde

Neem kennis dat die skool vroeër sluit vir kwartaal een as gevolg van die rugbyweek wat volgende Donderdag, 26 Maart 2026, begin. Die skool sluit Woensdag, 25 Maart 2026, om 14:00. Leerders sal Woensdag hul rapporte ontvang. **GEEN RAPPORT SAL BY DIE KANTOOR BESKIKBAAR WEES NIE EN SAL OOK NIE SAAM MET 'N MAAT GESTUUR WORD NIE.**

**RUGBYWEEK**
Ons jaarlikse rugbyweek vind plaas Donderdag, 26 Maart 2026 tot 28 Maart 2026. Leerders van LMS moet met hul sportdrag of skoolklere kom ondersteun. Die personeel op hekdiens sal dit streng kontroleer. Maak asseblief van Suidstraat se ingang gebruik. Wedstryde begin Donderdag om 11:00. Ons hoop om u almal daar te sien.

**KWARTAALPROGRAM**
Die kwartaalprogram vir kwartaal twee sal volgende week per WhatsApp uitgaan. Neem kennis dat daar aktiwiteite op kort kennisgewing op die program kan verander.

**OUERAAND**
Neem kennis dat oueraand Maandag, 13 April 2026, om 17:00 – 19:00 sal plaasvind. Ouers is welkom om die onderwysers te kom spreek in verband met die eerste kwartaal se punte.

**LMS SPORTDRAG**
Ons wag tans nog op die fabriek om die voorbeeldgroottes van ons nuwe spordrag te lewer. Dit blyk dat ons die groottes eers gedurende volgende week sal ontvang. Sodra die voorbeelde beskikbaar is, sal ouers die geleentheid kry om bestellings te plaas gedurende die eerste twee weke van die nuwe kwartaal. Die skoolkantoor sal gedurende hierdie tyd van 14:00 tot 17:00 oop wees vir ouers en leerders om die voorbeelde aan te pas en hul bestellings te plaas. Die prys van die items beloop as volg:

- Broek – R290
- Hemp – R280 (7 – 11); R310 (XS – L); R330 (XL – 2XL)
- Ondersteuningshemde vir ouers – R330

90
2020

**SKOOLFONDS**

Maandeinde is gedurende die vakansie. Maak gerus gebruik van bankinbetalings (EFT) bankbesonderhede op u staat. Ouers wat nog geen betaling gemaak het vir 2026 nie, word daaraan herinner om asseblief hul skoolgelde op datum te hou. Baie dankie aan die ouers wat gereeld hul verpligtinge teenoor die skool nakom.

**GEBRUIK VAN SELFONE**

Dit het onder ons aandag gekom dat sommige leerders toegang het tot privaat selfone en op groepe betrokke is waar onvanpaste en kwetsende opmerkings gemaak word. Hierdie gedrag het 'n negatiewe impak op leerders se welstand.

Ons doen 'n ernstige beroep op u as ouers om:

- Gereeld u kinders se selfone en boodskapgroepe te monitor.
- Streng toesig te hou oor u kinders se aanlyn aktiwiteite.

Die skool is ernstig bekommerd oor die welstand van ons leerders en vra u samewerking om 'n veilige en gesonde omgewing vir almal te verseker. Ons is van mening dat 'n laerskool kind nie 'n selfoon moet besit nie, maar dit bly u keuse.

**AFSLUITING**

Ons wens u en u kinders 'n heerlike, veilige en welverdiende vakansie toe. Geniet hierdie tyd saam. Skool heropen op Woensdag, 8 April 2026.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Vriendelike groete

P.J. AUCAMP
HOOF

90
2020

**Tel:** (034) 981 5006/ 981 5054 | **Faks:** (034) 983 2127 | **E-pos:** skool@lucasmeyer.co.za
Posbus 99 Vryheid 3100 | **Webblad:** www.lucasmeyer.co.za